

# NG KERK IN OOS-KAAPLAND

## RIGLYNE: BEGROTINGTOEKENNINGS VIR RINGSPROJEKTE

### 1. INLEIDING

Die hanteringsprosedure, vanaf die aansoek tot by die verslaggewing na die besteding, moet te alle tyd met integriteit plaasvind. Die ringsprojekfondse is nie oortollige geld wat uit oorfloed weggee is om iets mee te koop nie. Dit is lidmate se dankoffers wat ten beste in diens van die Koninkryk aangewend moet word.

### 2. AANSOEK

2.1 Die ring doen aansoek by die SK vir die befondsing van 'n projek wat deur die ring goedgekeur en aanbeveel is. Dit geskied op die voorgeskrewe vorm. Die ringskriba of –voorsitter bevestig dat die projek deur die ring goedgekeur is.

2.2 Die projek kan sy ontstaan by 'n gemeente hê en deur 'n gemeente bedryf word. Dit is egter wenslik dat die ring as ring aan die projek moet deel. Die ring moet ten minste die motivering van die projek goedkeur. Hierdie goedkeuring is die eerste sifting in die proses.

2.3 Die ring moet kriteria formuleer waarvolgens hy projekte beoordeel. Die kriteria waarvolgens die ring beoordeel, behoort die volgende in te sluit:

2.3.1 Missionale transformasie in die bediening van gemeentes en ringe, waar daar na die konteks uitgereik en nuwe geloofsgemeenskap geskep word, is tydens padberade in 2014 as 'n wesenlike prioriteit geïdentifiseer.

2.3.2 Die projek moet inpas by die visie van die sinode, een heilige algemene Christelike kerk, soos deur die buitengewone sinode van 2002 geformuleer.

2.3.3 Projekte wat beoog om 'n lang lewenstermyn te hê, moet verkieslik net by die afskop van projek befondsing benodig.

2.3.4 Gemeentes wat van hierdie fondse ontvang ter wille van oorlewing (bv besoldiging van die leraar), moet 'n beplanning by die ring indien waarin getuig word van moontlike groei of die oorgang in verandering van bediening.

2.3.5 Ringsprojekfondse kan 'n bediening op die been te bring wat na 'n jaar of wat op eie bene kan staan, en dan selfs iets in die fonds terugploeg.

2.3.6 Hierdie geld word nie normaalweg gebruik vir die aankoop of instandhouding van eiendomme en geboue nie.

2.3.7 Hierdie geld word nie gebruik vir die opbou van 'n neseier vir 'n ring of gemeente nie.

2.3.8 Lidmate, 'n gemeente, of die gemeentes van die ring behoort self 'n finansiële bydrae tot die projek te maak om sodoende betrokke te bly en eienaarskap te aanvaar.

2.3.9 Fondse word slegs toegeken aan projekte wat direk deur die ring of gemeentes bestuur word. Die geld word nie gebruik om ander instansies te befonds nie.

2.4 Aan die einde van elke finansiële jaar, doen die ring verslag oor die aanwending van die fondse. Die verslag word by die Direkteur Sinode ingedien. Versuim hiervan kan lei tot penalisering by die nuwe toekennings. Ringsprojekfondse word nie uitbetaal indien al die ring se verslae oor die vorige jaar se besteding nie ontvang is nie.

### **3. HANTERING VAN DIE RINGSAANSOEKE DEUR DIE SINODALE KOMMISSIE.**

3.1 Die gemotiveerde en gedetailleerde aansoeke moet die DS jaarliks voor 30 September bereik. Laat indiening mag tot die kansellasië van die aansoek lei. Vorms moet volledig ingevul word, aangesien gebrekkige besonderhede aansoeke penaliseer.

3.2 Die aansoeke word aan die hand van die kriteria in 2.3 genoem, gesif en geprioritiseer. Die SK-Dagbestuur ontvang advies oor die projekte en berei 'n aanbeveling aan die SK voor. (Omsigtigheid is hier noodsaaklik sodat gemeentes en ringe bemoedig en nie ontmoedig word nie).